# Prof dr S J Botha: 'n Waardering van sy lewe en werk

**S P Pretorius**

**Pretoria**

## Abstract

### Prof Dr S J Botha: An appreciation of his life and work

***In this article the life and work of Prof Dr S J Botha are briefly considered. It focuses on his work as minister and pastor in parishes of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika and his work as church historian and lecturer in Church History and Church Polity in the Faculty of Theology at the University of Pretoria.***

## 1. AGTERGROND

Professor dr S J Botha was die derde professor en hoof van die Departement Kerkgeskiedenis aan die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria. Sy twee voorgangers, prof dr S P Engelbrecht en prof dr A D Pont, het uitmuntende werk in die Kerk en aan die Fakulteit Teologie gelewer en dit was geen maklike taak om veral 'n geleerde soos prof A D Pont op te volg nie. Professor Botha het hom egter deur die jare onderskei as uitnemende akademikus en dosent en dit was die logiese keuse van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk om hom by die Universiteit van Pretoria te benoem vir die vakante pos by die Departement Kerkgeskiedenis nadat prof A D Pont emeritaat aanvaar het. Sedert sy aanstelling by die Fakulteit Teologie (Afd A) by die Universiteit van Pretoria, het hy met sy akademiese werk en met sy werk in die kerk getoon dat sy aanstelling die regte een was.

Professor Botha beleef in sy vormingsjare 'n tydperk in die kerk wat nie altyd as rustig beskryf sou kon word nie. Hy staan as jong predikant en akademikus midde in die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kerklike stryd rondom Artikel III van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die groeiende verset wat dikwels tot botsings by kerklike vergaderings en tydens akademiese gesprekke gelei het. Hy beleef ook die Cottesloevergadering van die Wêreldraad van Kerke wat groot beroering in die Suid-Afrikaanse kerklike wêreld veroorsaak het en die klag van dwaalleer teen prof A S Geyser wat daartoe lei dat 'n lastereis teen sy leermeester, prof A D Pont, aanhangig gemaak word na aanleiding van artikels wat in *Die Hervormer* geskryf is.

In die laat sestiger- en sewentigerjare beleef prof Botha die breuk in Afrikanergeledere op politieke en kulturele gebied. Alhoewel hy op sy beskeie manier as leiersfiguur op die voorgrond tree en poog om sy volksgenote en die lidmate van die Hervormde Kerk bymekaar te hou, was sy optrede en dit wat hy gesê het nooit omstrede of kwetsend nie. Sy korrekte, versigtige, maar tog ferme optrede en standpuntinname het by volksgenote en kerklidmate groot respek afgedwing en vertroue ingeboesem.

Sy werk as dosent by die die teologiese fakulteit val saam met verskeie veranderinge. Die nuwe stelsel van bloklesings en seminare vervang die ou lesingstelsel. Groter selfstandigheid en meer selfstudie word in dié nuwe stelsel van studente verwag. Die veranderinge wat teweeggebring word deur die samesmelting van die twee teologiese fakulteite aan die Universiteit van Pretoria in 2000, tref hom nadelig in die sin dat hy verplig word om vroeg af te tree. Gelukkig kon sy dienste vir nog 'n tydperk deur die Fakulteit Teologie ingekoop word.

In die Hervormde Kerk en by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria sal daar altyd groot waardering en dankbaarheid wees vir die harde, toegewyde, noukeurige en briljante werk van die stil en nederige mens, prof Schalk Botha, wat sy hele lewe in diens van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die kerk van Jesus Christus wy.

## 2. SKOOL- EN AKADEMIESE OPLEIDING

Schalk Jacobus Botha is op 10 Februarie 1936 te Ventersdorp gebore. Sy grootouers aan moederskant (Mostert) het in die distrik Ventersdorp gewoon en sy ouers het toevallig tydens sy geboorte daar besoek afgelê. Sy ouers se permanente woonplek was op daardie


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

stadium by sy grootouers aan vaderskant (Schalk Jacobus Botha) wat naby die Oog van Wonderfontein (naby Bankstasie en Oberholzer-Carletonville) gewoon het. Hy was slegs 'n paar maande oud toe sy ouers na die plaas Ruigtevlei, tussen Sannieshof en Barberspan, verhuis het. Sy vader, Johannes George, was 'n boer. Sy moeder, Johanna Sophia, het die huishouding behartig. Schalk Botha was die oudste van vier kinders uit die huwelik waaruit twee seuns en twee dogters gebore is. Sy enigste broer is op vyf jarige leeftyd oorlede en op die plaas begrawe. Sy oudste suster was getroud met die broer van wyle ds J N Wolmarans. Sy is ook die moeder van ds P J Wolmarans, tans predikant te Roedtan. Sy jongste suster is lidmaat van die gemeente Randburg.

Schalk Botha bring sy eerste tien kinderjare hoofsaaklik in die Wes-Transvaal deur. Hy begin sy laerskoolloopbaan in die Laerskool Sannieshof. Op tien jarige leeftyd verhuis die gesin na die Johannesburg-omgewing en gaan hy skool by die Westdene Afrikaansmedium Laerskool (die huidige Christiaan de Wet Laerskool). Sy hoërskoolloopbaan deurloop hy aan die Helpmekaar Hoër Seunskool waar verskeie van die Hervormde Kerk se predikante ook by geleentheid hulle hoërskoolopleiding ontvang het. Hy matrikuleer in 1954 in die eerste klas met 'n onderskeiding in Geskiedenis. Hier word reeds sy liefde vir die geskiedenis duidelik. Hy behaal in die matriekeksamen verder twee B- en drie C- simbole.

Schalk Botha het al sy tersiêre opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Hy skryf in 1955 in as teologiese student van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Fakulteit Teologie (Afd A). Hy slaag elke jaar met goeie resultate en toon juis in sy universiteitsjare sy akademiese vermoë. In 1957 behaal hy sy BA-graad met die hoofvakke Grieks (met lof), Hebreeus (B-plus) en Kultuurgeskiedenis (B-plus). In 1960 behaal hy die BD-graad met die volgende vakke en simbole:

| | |
|---|---|
| Ou-Testamentiese Wetenskap | A-minus |
| Nuwe-Testamentiese Wetenskap | A-minus |
| Geskiedenis van die Christendom | A-minus |
| Dogmatiek | A-minus |
| Godsdiens- en Sendingwetenskap | A-minus |
| BD Skripsie (Selfstudie) | A-minus. |


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Tydens sy universiteitslewe was Schalk Botha baie betrokke by studente-aktiwiteite. In die verenigingslewe het hy baie deeglik sy merk gemaak en sy natuurlike leiers-eienskappe geopenbaar. Hy dien tydens sy studentedae op die volgende verenigings:

1959 Fiscus van die Van der Hoff Teologiese Vereniging.
1960 Abactus van die Van der Hoff Teologiese Vereniging.
1960 Voorsitter van die HSV.
1960 Visevoorsitter van Voortrekkertehuis.

Hierna begin hy met die doktorale studie wat hy saam met sy gemeentewerk behartig. In 1969 doen hy die doktorale eksamen met die hoofvak Geskiedenis van die Christendom en die byvakke Ou-Testamentiese Wetenskap en Dogmatiek. Hy behaal in al die vakke 'n A-minus slaagsyfer. Tien jaar hierna in 1979 word hy die eerste student wat onder die promotor-skap van prof A D Pont promoveer met 'n doktorale proefskrif met die titel: *Ds Marie Joseph Goddefroy 1848-1920: Sy lewe en betekenis*. Hy behaal 'n onderskeidings-punt van 80% met hierdie uitstekende proefskrif.

## 3. AKADEMIESE BYDRAE

S J Botha het hom veral in sy studentejare onderskei as 'n besonder toegewyde en hardwerkende student. Hy was inwoner van die Hervormde Kerk se koshuis Voortrekkertehuis aan die Universiteit van Pretoria en dit het besondere deursettingsvermoë gevra om akademies goed te vorder met al die verleidinge wat die koshuislewe gebied het. Hy behaal sy grade met lof en blink uit onder sy studentemaats. Sy liefde vir die geskiedenis wat reeds in sy hoërskoolloopbaan duidelik sigbaar geword het, lei daartoe dat hy hom verdiep in Kultuurgeskiedenis tydens sy BA-jare en in die Geskiedenis van die Christendom in sy BD-jare. Weinig studente slaag 'n BA teologie met lof met drie hoofvakke waarvan Grieks en Hebreeus twee is. Professor A D Pont het die vermoë en die belangstelling van hierdie toegewyde en bekwame student in sy BD-jare raakgesien en hom, nadat hy ook sy BD-graad met lof behaal het, aangemoedig om hom verder in die geskiedenis van die Christendom te verdiep. Professor Botha getuig self soos volg oor sy belangstelling in die geskiedenis en kerk-geskiedenis:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Omdat my grootvader (Schalk) (en aanvanklik ook grootmoeder) vandat ek kan onthou by ons in die huis gewoon het, het ek die voorreg gehad om dikwels na hulle vertellinge uit die verlede te luister. Let wel, my oupa Schalk is reeds in 1861 gebore en het byna honderd jaar oud geword. Hy is in 1961 oorlede. Hy was vroeër in sy lewe vir meer as agtien jaar kategesemeester in die gemeente Krugersdorp en het my ook oor die kerkgeskiedenis ingelig. Daar het ek my belangstelling in die verlede ontwikkel. Op skool was dit my gunsteling vak, maar dit is veral aan prof A D Pont te danke dat my belangstelling ook liefde vir die vak geword het.

Sy eerste groot akademiese bydrae was die selfstudie BD-skripsie: *Die ontleding van die Trichardtsfontein kerksaak.* In die werkstuk kom die geskiedenis van die gemeente Trichardtsfontein veral op die voorgrond en daarby 'n kort oorsig oor die belangrikste gebeure rondom die kerkvereniging van 1885. Die hofsaak van 1893 na die mislukte kerkvereniging, waarin daar uitspraak gegee moes word oor wie die eienaars was van kerklike eiendomme, die Nederduitsch Hervormde gemeente of die Nederduisch Hervormde of Gereformeerde gemeente, wat ter selfdertyd ook 'n toetssaak was, kom ten slotte in die werkstuk aan die orde. Die uiteindelike uitspraak was dat die eiendomme wat op die naam van die Hervormde gemeente getransporteer was, die eiendom bly van daardie lidmate wat nooit verenig het nie en wat die wettige voortsetting van die Hervormde Kerk en gemeente was. Hierdie kort maar insiggewende werkstuk wys verder duidelik aan dat die kerkvereniging van 1885 misluk het vanweë die politiek van die dag en omdat gemeentes nie in die besluite geken is nie. Botha stel dit soos volg:

> Hierdie kerkvereniging het eintlik sy oorsprong op politieke vlak gehad toe daar 'n eenheidsgees ontstaan het onder die bewoners van Transvaal in die jare voor en na die Eerste Vryheidsoorlog. Tydens die voorbereidings vir die kerkvereniging is die teologiese en kerkregtelike vraagstukke en konsekwensies nooit ernstig bespreek nie, maar het die besprekinge op die organisatoriese vlak gebly en die reaksie van die vereniging het dieselfde neiging gehad, terwyl die teologiese agtergronde op die agtergrond geskuif is.
>
> Van die kant van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk is die kerkvereniging nooit grondig benader nie en die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> indruk word gewek dat alle probleme en verskille moedswillig oor die hoof gesien is. Die gevoel van die gemeentes oor hierdie aangeleentheid is nooit gevra nie.
>
> Uit die hofuitspraak in hierdie saak blyk dit duidelik dat die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie binne die grense van sy bevoegdheid gebly het toe die vereniging aangegaan is nie en daarom was die kerkvereniging ultra vires. Verder is bewys dat die Hervormde Kerk nie opgehou het om te bestaan met die aangaan van die vereniging nie. Ook is die Hervormde Kerk weer in besit gestel van sy eiendomme.
>
> So het die poging om op kerklike gebied dieselfde eenheid te kry as wat daar op politieke terrein geheers het, op 'n mislukking uitgeloop met nog groter verskeurdheid en verdeeldheid op die kerklike terrein as voor die kerkvereniging.

As deel van die doktorale eksamen handig S J Botha in 1969 'n DD-skripsie in met die titel: *Die kerkregtelike posisie van die prokurasiekommissie in die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk.* Die werk en kerkregtelike posisie van die Prokurasiekommissie word in diepte in die skripsie behandel. Botha wys in die werkstuk daarop dat die kerkvereniging nie in sy verhewe en idealistiese doel geslaag het om eenheid op kerklike gebied onder Hollands-Afrikaanse ingesetenes van die Zuid-Afrikaansche Republiek te bewerkstellig nie. 'n Groot deel van die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk het nie verenig nie en 'n ander deel het weer die Verenigde Kerk verlaat om na hulle eie Kerk terug te keer. Onder hierdie laasgenoemde groep het die oorgrote meerderheid nie direk teruggekeer tot die Nederduitsch Hervormde Kerk nie, maar het hulle eers onder die Prokurasiekommissie uit die Verenigde Kerk getree en hulle georganiseer as Nederduitsch Hervormde Gemeentes onder die Prokurasiekommissie om weer in 1894 tot die Nederduitsch Hervormde Kerk toe te tree.

In sy beantwoording van die vraag of die optrede van die Prokurasiekommissie om hulle lasgewers uit die kerkverband van die Verenigde Kerk uit te lei kerkregtelik regverdigbaar was, skryf Botha die volgende:

> Die kerkverband neem in die Presbiteriaal-Sinodale vorm van kerkregering 'n baie belangrike plek in. Volgens hierdie stelsel staan die onderskeie plaaslike


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> gemeentes nie los van mekaar nie, maar staan hulle in 'n bepaalde verband tot mekaar en vorm hulle saam die Kerk. Solank as hierdie Kerk aan die merktekens van die ware kerk voldoen, mag niemand hom daarvan afskei nie. Wie dit wel doen is 'n skeurmaker. Alleen as onteenseglik bewys kan word dat die Kerk 'n valse Kerk en 'n kerkverwoestende verband is, kan wel uit die Kerk uitgetree word. In so 'n geval kan 'n kerkraad byvoorbeeld met toestemming van elke lid van die gemeente, die gemeente wel uit die kerkverband uitlei.
>
> Word die optrede van die Prokurasiekommissie nou aan hierdie beginsels gemeet, dan blyk die volgende duidelik:
>
> Gesien die feit dat die Prokurasiekommissie en hulle lasgewers lidmate was van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, soos reeds aangetoon, kon hulle alleen die kerkverband met die Kerk verbreek indien hulle kon bewys dat dit 'n valse Kerk was of 'n kerkverwoestende verband. Dit was nooit ter spreke nie en die Prokurasiekommissie was ook geen kerkraad nie.
>
> Tog het daar gemeentes buite die kerkverband onder leiding van die Prokurasiekommisie tot stand gekom, en dit kan nie anders gesien word as afskeidings of skeurings nie.
>
> Dit is dus duidelik dat die posisie en optrede van die Prokurasiekommissie nie kerkregtelik regverdigbaar is in die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk nie.

In 1973 lewer S J Botha 'n uitmuntende werkstuk: *Die volkskerk*. 'n Werkstuk wat tot vandag toe van groot betekenis is vir die Hervormde Kerk en in die teologiese wêreld waarin die Hervormde Kerk hom bevind. In talle werkstukke en studies van ander navorsers word hierdie werk van prof Botha voortdurend aangehaal. In 'n tydperk toe daar in kerklike geledere voortdurend debat gevoer is oor die betekenis van volkskerk, veral in die stryd rondom Artikel III van die Kerkwet, was die besondere werkstuk vir die Hervormde Kerk waardevol en het dit leiding gegee tydens talle debatte. In sy inleiding tot die boek stel Botha die doel van die studiewerk soos volg:

> Van die drie Afrikaanse kerke is die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die enigste wat uitdruklik die volkskerkgedagte aanvaar. Die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Gereformeerde Kerk daarenteen wil van geheel ander kerktipe wees, naamlik die sogenaamde "Vrye Kerk" soos deur Abraham Kuyper geleer. Wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk betref, beweeg die Kerk tussen die "Volkskerk" en die "Vrye Kerk." Buys stel dit so: "Die NG Kerk is 'n volkskerk kragtens sy geskiedenis, maar wil dit kragtens sy belydenis nie wees nie."

Dit is nodig en noodsaaklik ook vir die Nederduitsch Hervormde Kerk, dat weer opnuut besin sal word oor die hele kwessie van die volkskerkgedagte en dit veral om twee belangrike redes, naamlik:

1. Gesien die feit dat daar tans 'n gesprek gevoer word tussen die drie Afrikaanse kerke, veral ook oor die verskille wat daar tussen die kerke bestaan, is dit noodsaaklik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk vir homself opnuut rekenskap sal gee van wat die volkskerkgedagte vir hom inhou, aangesien dit juis op hierdie punt is waar ernstige verskil bestaan veral met die Gereformeerde Kerk.
2. Gesien die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n Christusbelydende volkskerk wil wees, is dit noodsaaklik dat die Kerk sal besin oor die konsekwensies wat hierdie kerkbegrip meebring ten opsigte van sy verhouding tot die staat, tot die Afrikanervolk in die besonder, tot die anderstaliges, asook tot ander volkere in die Republiek van Suid-Afrika.

(Botha 1973:1)

Botha handel uitvoerig en korrek oor die standpunte en opvattinge van Johannes Calvyn (1509-1564), Abraham Kuyper (1837-1920) en Philippus Jacobus Hoedemaker (1839-1910) oor die volkskerk. Hy sluit die werk af met die opvatting van die Nederduitsch Hervormde Kerk oor volkskerk. Sy konklusie kan miskien die beste saamgevat word in die een sin wat op bladsy 53 staan: "Juis omdat die Nederduitsch Hervormde Kerk die genadeverbond as grondslag van die kerk sien, moet die kerk daarom volkskerk wees."

(Botha 1973:53)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die voltooiing van sy voortreflike doktorale proefskrif in 1979 met die titel: *Ds Marié Joseph Goddefroy, 1848-1920: Sy lewe en betekenis,* was 'n besliste hoogtepunt in sy akademiese loopbaan. Hy behaal 'n onderskeidingspunt van 80%. Hierdie dogmenhistoriese studie is baie positief in die Hervormde Kerk ontvang en waardeer. Professor H G van der Westhuizen wat besonder diep in die Suid-Afrikaanse Kerk-geskiedenis ingegrawe is, skryf in *Die Hervormer* die volgende as resensie oor die proefskrif:

> S J Botha het in Januarie 1979 'n dubbeldoor doktorale proefskrif ingehandig. Die voetnote wat 106 van die 408 bladsye beslaan, bied stof vir nog 'n proefskrif. Die deeglikheid met die voetnote getuig ook van Botha se argiefervaring en die vereistes van sy promotor, prof A D Pont. Die volledigheid van die proefskrif oor ds M J Goddefroy getuig van Botha se opoffering en koste om selfs oorsee sy stof byeen te kry. Tegnies en taalkundig is dit seker een van die beste proefskrifte wat ter hand geneem kan word. Hierdie proefskrif is 'n aanwins vir die akademie en ons Kerk. Al is daar toe nooit 'n Goddefroy-gebou opgerig, soos in 1928 op die Algemene Kerkvergadering bespreek is nie, is daar wel nou hierdie monument – die proefskrif.

In *Die Voorligter* van Junie 1982 sê "WM" [= Maree, W L] die volgende oor die proefskrif: "Daar is nou wel sekere verskille tussen die Ned Herv Kerk en die NG Kerk se siening van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, maar tot dr Botha se eer kan gekonstateer word dat hy sy onderwerp baie besadigd en ewewigtig benader het."

M C Kitshoff skryf in *Die Kerkbode* van Julie 1982 soos volg:

> Met hierdie proefskrif is nog 'n kleurryke tydvak uitgeborduur op die breë stramien van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. En voortreflik het die skrywer, 'n leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk, dit gedoen.
>
> Die skrywer het noulettend navorsing gedoen, beide oorsee en hier te lande, soos blyk uit sy oorvloedige en dikwels uitvoerige aantekeninge by elke hoofstuk. Die interpretasie van die historiese gegewens toon dat hy met


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

onbevooroordeelde oë na die gebeure probeer kyk het. Uiteraard lê sy aksente soms ietwat anders as die van die NG kerkhistorikus.

Van die tendensieuse kerkgeskiedskrywing wat so dikwels in die verlede die Afrikaanse kerklike verhouding verfomfaai het – om dit nou maar sagkens te stel-is hier egter niks te vind nie. Die aard van die materiaal wat gehanteer word, sowel as die geaardheid van die skrywer, bepaal seker grootliks die aanvegbaarheid van 'n stuk geskiedskrywing.

Sonder om sy hooffiguur te verloor, kon die skrywer deur 'n deeglike, dog beoordelende bespreking, die geskiedenis van 'n eeu gelede aktueel gemaak het vir ons dag. Is dit dan nie ook een van die funksies van die geskiedenis dat dit lig moet werp op die hede nie? Maar die beoordeling van die kerkgeskiedenis moet die Bybel as maatstaf hê, anders verloor die kerkgeskiedskrywing die voorreg om teologiese arbeid te wees. J L Ras skryf oor S J Botha se proefskrif soos volg in *In die Skriflig*:

Hierdie proefskrif van S J Botha, tans professor by Turfloop, beoog om 'n biografie oor die lewe en betekenis van ds M J Goddefroy te wees.

In die verskillende genres van die kerkgeskiedskrywing is die biografie seker die moeilikste, omdat dit van die skrywer onverstoorde objektiwiteit vereis. Die persoon moet nie sodanig verbeeld word dat net sy goeie hoedanighede voorop staan nie. Daarby moet die skrywer van 'n biografie nie so diep in die werksaamhede van die persoon ingaan dat die mens agter sy lewe en werk versluier raak nie.

Die eerste indrukke is dat Botha daarin geslaag het om suiwer objektief te bly en die swak punte van Goddefroy se persoon en karakter nie mis te kyk of oor te slaan nie. Inteendeel, die biografie het daarin geslaag om die persoon van Goddefroy te laat "herlewe" in al sy goeie hoedanighede en sy swakpunte ook uit te wys.

Die proefskrif van S J Botha is oral in kerklike kringe besonder hoog waardeer veral vir die objektiwiteit en deeglikheid daarvan. Dit was die eerste in sy soort naas die proefskrif van prof A D Pont oor *Nicolaas Jacobus van Warmelo*.

Op teologiese terrein lewer S J Botha verskeie waardevolle bydraes. In 1968 en in 1988 lewer hy 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek met bydraes oor di G W Smuts, A J Begeman, J J Prinsloo en dr H M Rex. In 1992 lewer hy 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vertaling, inleiding en kommentaar van M J Goddefroy se werkstuk: *De kerkwestie niet een leer- maar een levenskwestie.*

Nadat hy in 1980 aangestel is as professor by die Universiteit van die Noorde, lewer hy sy professorale intreerede op 10 September 1980 met die opskrif: *Kerkgeskiedenis in die konteks van die Hervormde Teologiese Opleiding van die Universiteit van die Noorde.* In 1993 na sy aanstelling as professor by die Universiteit van Pretoria lewer hy sy professorale intreerde in die kerkgebou van Pretoria op 16 Junie 1993 met die opskrif: *Die heil, gehoorsaamheid, struktuur en kerkreg.*

S J Botha se doseerervaring begin reeds in 1971. In die jaar neem hy alle lesings en eksamens waar vir Kerkgeskiedenis aan die Fakulteit Teologie (Afd A) van al die BD-studente terwyl prof A D Pont vir 'n jaar langverlof geneem het. Vanaf 1976 tot 1979 is hy deeltydse dosent Kerkgeskiedenis vir die BD 2 studente. In 1980 word hy as professor en hoof van die Departement Kerkgeskiedenis aan die Teologiese Fakulteit (Afd HTO) aan die Universiteit van die Noorde. Die pos beklee hy tot aan die einde van 1985.

In 1986 verskuif die Hervormde Kerk se opleiding vanaf die Universiteit van die Noorde na Klipdrift naby Hammanskraal. Professor Botha word as hoof van die Hervormde Teologiese Opleiding (HTO) soos dit voortaan bekend sou staan, aangestel. Hy was verantwoordelik vir die totale administrasie met insluiting van die akademiese program, huisvesting van studente, geboue en terrein. Hy is ook terselfdertyd benoem as hoof van die Departement Kerkgeskiedenis by die HTO.

Vanaf November 1991 tot Februarie 1992 en in April en Mei 1995 doseer en eksamineer hy op uitnodiging aan die Evangelische Theologische Fakulteit te Leuven België. 'n Taak wat hy met groot onderskeiding verrig het.

Na die aftrede van professor A D Pont as professor en hoof van die Departement Kerkgeskiedenis Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria, word professor S J Botha in die pos aangestel. 'n Taak wat hy verrig het tot met sy vervroegde aftrede aan die einde van 1999. Hy word weer op tydelik-voltydse basis as dosent aangestel by die nuwe teologiese fakulteit van die die Universiteit van Pretoria vanaf Januarie 2000.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Professor Botha was eksterne eksaminator vir vyf doktorale proefskrifte naamlik:

1985 H T van Deventer: Die begronding van Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se onderwysbeleid, 1902-1985 – 'n bydrae tot 'n opvoedingsteologie.

1986 S P Pretorius: Die kerkvereniging van 1885 – sy aanloop en mislukking.

1988 J J Steenkamp: Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika: Histories-analitiese oorsig oor die periode 1950-1970.

1989 B J van Wyk: Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met besondere verwysing na die Kerkwet van die Ned Herv Kerk van Afrika.

1989 H J Botes: Ds LE Brand (1873-1939) as kerklike leier en bouer.

In 1995 tree hy op as promotor vir die proefskrif van W A Dreyer met die titel: "Kerk, volk en owerheid in Hervormde perspektief." Professor Botha neem ook deel aan die saamstel van 'n groot aantal teologiese publikasies. In 1981 is sy bydrae in 'n bundel opstelle wat handel oor die prediking: *Prediking deur die eeue.*

Hy was samesteller van 'n bundel opstelle in 1982: *Die Kerk in die wêreld*, met twee bydraes uit sy pen daarin: "Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881" en "Die evangelie in die geskiedenis van die kerk." In 1983 lewer hy 'n bydrae in die bundel opstelle wat deur die teologiese dosente van HTO saamgestel is oor kerklike barmhartigheid oor: "Barmhartigheidsdiens in die geskiedenis van die kerk."

Wanneer prof H G van der Westhuizen sy boek *Dwarswinde op die Kerkwerf* uitgee, aanvaar S J Botha die uitnodiging om te skryf oor die "Chiliasme en Campus Crusade for Christ."

In 1989 is Botha die redakteur van 'n publikasie: *Belydende volkskerk* en lewer hy daarin self 'n bydrae met die titel: *Volkskerk.* In 1995 skryf hy in die huldigingsbundel vir prof S P Engelbrecht 'n bydrae met die titel: *S P Engelbrecht in die ry van die geskiedskrywing in die Nederduitsch Hervormde Kerk.* Sy bydrae in die publikasie onder redakteurskap van dr D J C van Wyk in 1999: *20 ste eeu Hervormde Teologie* handel oor die onderwerp: "Totstandkoming van twee kerkordes."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In die *Hervormde Teologiese Studies* lewer S J Botha die volgende bydraes:

1961 Ontleding van die kerksaak van Trichardtsfontein.

1963 Historiese agtergrond van die Kerkwet van 1862 van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Zuid Afrikaansche Republiek.

1966 Afskeiding onder Wessel Badenhorst van die Hervormde Gemeente Potchefstroom in 1853 en die toetrede van Hartbeestfontein as afsonderlike gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

1969 Kerkregtelike posisie van die Prokurasiekommissie in die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk.

1972 Agtergronde van die Convent van Wezel en die Sinode van Emden.

1972 Bartholomeusnag – vierhonderd jaar.

1977 Waar lê die wortels van die "sondige verskeurdheid" in die kontrovers Bosman-Goddefroy 1888-1890?

1981 Die Nederduitsch Hervormde Kerk en leervryheid, uit die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria.

1982 Belydenis in kerkregtelike verband in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

1983 Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis 1957-1982.

1985 Bullinger en die verbond na aanleiding van die Tweede Switserse Konfessie.

1986 Is kerkvereniging vandag of in die toekoms 'n doelwit?

1987 M J Goddefroy en die Christelike nasionale onderwys.

1987 Ds Marié Joseph Goddefroy as volksman.

1990 Petrus Johannes Theobaltus Koekemoer – teoloog saam en soos die kerk (In same-werking met prof H G van der Westhuizen).

1990 Die ouderling en die regeervergaderings in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

1992 Voltydse skriba vir die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

1994 Ortodoks as slagspreuk en liberaal as etiket.

1995 Kerkbegrip en Kerkorde.

1995 Die "vereniging" van gemeentes onder leiding van die Prokurasiekommissie met die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1894.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1996 Die Corpus Christianum in die Middeleeue.

1996 Modaliteite in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

1997 Die belydenis in kerkregtelike verband in die Nederduitsch Hervormde Kerk met verwysing na die Konsep Kerkorde.

1998 Huldigingswoord, proff D J Booysen, E Engelbrecht en H G van der Westhuizen.

1998 Calvyn se prediking oor die kerk in die Efesiërbrief.

1998 Die betekenis van kerkgeskiedenis vir vandag.

S J Botha lewer in *HTS* 'n belangrike bydrae in die resensering van teologiese en ander boeke. Die volgende belangrike resensies word genoem:

1984 C J Malan: *Leer aangaande God.*

1984 W Balke: *Luther en het Gereformeerd Protestantisme.*

1984 M Elaine Botha: *Christelik-Nasionaal.*

1984 D Kempff: *Bestry en bevestig.*

1985 B J van der Walt: *Our reformational tradition.*

1986 B J van der Walt: *Calvin and his times.*

1987 J W Hofmeyer e a: *History of the Church in Southern Africa.*

1987 W L Rautenbach: *Tegniese onderwys en swart mense.*

1987 P Coertzen: *Herroeping van die Edik van Nantes en die betekenis daarvan vir Suid-Afrika.*

1989 M R Langley: *Guillaume Groen van Prinsteren* (1806-1876).

By die Kerkhistoriese Werkgemeenskap (*Studiae Historiae Ecclesiasticae*) lewer S J Botha die volgende bydraes:

1982 Respons op A J C Erwee: Die moderne charismatiese beweging in Suid-Afrika.

1983 Geskiedskrywing by die Nederduitsch Hervormde en Gereformeerde Kerke.

In die kerklike tydskrifte lewer S J Botha gereeld bydraes. Die volgende belangrike bydraes in die Almanak en Bybelse Dagboek word genoem:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1966 Dagstuk 31 Oktober.

1968 Dagstukke 9-15 November.

1973 Dagstukke 7-13 Oktober.

1976 Dagstukke 31 Oktober en 6 November.

1977 Artikel oor: Ds Marie Joseph Goddefroy.

1982 Artikel oor: Die kerk, diensplig en die dienspligtige.

1982 Dagstukke 29 Maart-4 April.

1985 Artikel oor: Die kerkvereniging van 1885.

1986 Artikel oor: Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die teologiese opleiding.

1987 Artikel oor: Klipdrif (Teologiese Opleidingsentrum).

1987 Dagstukke 8-14 Januarie.

1991 Oordenking.

1992 Artikel oor: Prof A S Geyser.

1992 Dagstukke 1-7 Januarie.

2000 Dagstukke 26 Maart-22 April.

In *Die Hervormer*, *Konteks* en *Christelike Vrou* het S J Botha oor die loop van jare talle artikels gepubliseer.

Vir sy akademiese werk ontvang S J Botha reeds in 1963 die S P Engelbrecht Penning vir geskiedskrywing. In 1998 word die H C M Fourie Erepenning aan hom toegeken vir sy puik teologiese werk. By die toekenning van die Erepenning skryf sy leermeester prof A D Pont soos volg: "Die H C M Fourie Erepenning word aan prof dr Schalk Jacobus Botha toegeken omdat hy deur volhardende studie, navorsing en publikasie vir meer as 'n dekade 'n voortreflike bydrae gemaak het tot die bevordering van die Bybels-reformatoriese teologie."

Professor Botha het die Bybels-reformatoriese teologie wat hy beoefen het, verder bevorder met sy deelname aan die werksaamhede en aktiwiteite van verskeie teologiese verenigings. Sedert 1963 is hy ononderbroke die sekretaris van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Vanaf 1993 neem hy die voorsitterstoel in na die aftrede van prof A D Pont en word hy die tweede voorsitter van die vereniging, 'n taak wat hy tot vandag toe met groot bekwaamheid vervul. Hy is ook


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

stigterslid van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika waar hy voortdurend positiewe bydraes lewer. Hy is benoem as assessorlid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is ook lid van die Hervormde Teologiese Vereniging waar hy telkens die geleentheid benut om besondere bydraes te lewer.

In die publikasie *Skrif en Kerk* publiseer S J Botha in 1995 'n artikel met die opskrif: "'n Belangrike besluit oor kanselruil tussen die drie Afrikaanse kerke deur die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1894."

Die akademiese werk en bydrae van prof S J Botha word baie goed verwoord deur sy leermeester prof A D Pont met die volgende woorde:

> Schalk Jacobus Botha het deur sy volhardende studie, navorsing en publikasie vir meer as drie dekades 'n voortreflike bydrae gemaak tot die bevordering van die Bybels-reformatoriese teologie. Dit is veral opvallend omdat die Bybels-reformatoriese teologie vanaf die sestigerjare al meer vanuit 'n mensgesentreerde lewensopvatting van buite en van binne ons Kerk bevraagteken, aangeval en selfs verdag voorgestel word. Dat prof Botha steeds 'n kerklike teologie, in die ruimte van die Kerk, soos die Kerk en saam met die Kerk beoefen, hang saam met die feit dat hy uit een van die staatmaker Hervormde families afkomstig is wat deur dik en dun by die die Kerk en Afrikanervolk gestaan het en staan.

Professor Schalk Botha se positiewe bydrae tot die op en uitbou van ons Kerk se Bybels-reformatoriese teologie, val in twee dele uiteen. Enersyds het hy in die ruimte van die Kerk die Bybels-reformatoriese teologie uitgedra deur middel van sy prediking en verder deur sy teologiese bydrae en werk op al die kerklike rade en kommissies waarvan hy deel was en is.

Andersyds het hy deur sy navorsing en publikasies 'n groot bydrae gelewer. Sy meer akademiese studiewerk is grotendeels gepubliseer in die *Hervormde Teologiese Studies* vanaf 1961. Dit is opvallend hoeveel van hierdie studies 'n duidelike kerkordelike inslag het en in baie opsigte van rigtinggewende aard is. In hierdie verband is veral sy studiewerk oor leervryheid en die saak van die predikant se gehoorsaamheid aan die belydenis, van besondere belang.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Oor sy betekenis as dosent en navorser stel prof Pont die volgende:

> Prof Schalk Botha het hom as akademikus, dosent en kerkhistoriese navorser in die besonder onderskei deur sy deeglikheid en sorgvuldigheid. Juis in die speurtog om die verlede van ons Kerk te kan opteken, is dit vir hom van wesenlike belang dat die geskiedenis van die Kerk op feite en werklikhede gebou word. In die geskiedskrywing het hy steeds alles in sy vermoë gedoen om 'n betroubare beeld van die verlede te gee juis omdat vir sy denke 'n objektiewe waarheid bestaan en kan bestaan. Dit is 'n besondere verdienste van prof Botha dat hy nie net 'n skerpsinnige navorser is nie, maar dat sy navorsingsresultate betroubaar is. In daardie sin bou hy op 'n voortreflike manier voort aan die tradisie wat prof S P Engelbrecht in ons Kerk gevestig het.

Dit is verder van besondere waarde dat prof Botha in sy studie, navorsing en publikasie steeds die uitgangspunt vashou dat die kerk 'n geloofsgemeenskap is wat die Here van kerk vir Homself vergader het. Daarom was sy aandag nie net gevestig op die historiese sy van die kerkgeskiedenis nie, maar ook op die dogmenhistoriese in die mensopvattings en lewensbeskouing van die Afrikanervolk in wie se midde ons Kerk bestaan. Juis hierdeur het hy 'n blywende bydrae gelewer tot die op en uitbou van die Bybels-reformatoriese teologie van die Hervormde Kerk.

## 4. KERKLIKE BYDRAE

Professor Schalk Botha sal altyd by uitstek onthou word as kerkmens. Die liefde vir die Hervormde Kerk blyk uit elke optrede in woord en daad. Naas sy leermeester, prof A D Pont, het hy hom onderskei as persoon wat seker die grootste bydrae gelewer het tot gemeentegeskiedenisse. Sulke voortreflike werk het hy gelewer dat die een gemeente na die ander hom nader oor die skryf van die gemeente se geskiedenis. Elke geskiedenis uit sy pen beskryf is voortreflik en 'n treffer. Hy slaag veral daarin om nie bloot 'n hoeveelheid feite aan mekaar te voeg nie, maar om die geskiedenis van die gemeente te laat lewe.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die volgende gemeentegeskiedenissie verskyn uit sy pen:

1965 *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Standerton 1915-1965.*

1966 *Nederduitsch Hervormde Gemeente Klerksdorp 1866-1966.*

1968 *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bethal 1918-1968.*

1969 *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspruit 1869-1969 onder redakteurskap van ds J J P Muller die bydrae oor ds G W Smuts.*

1973 *Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom-Noord 1948-1973.*

1974 *Nederduitsch Hervormde Gemeente Koedoesrand Jubileumblad 1924-1974.*

1979 *Eeufees Gedenkalbum Nederduitsch Hervormde Gemeente Trichardtsfontein 1879-1979.*

1980 *Die Nederduitsch Hervormde gemeente Pretoria onder redakteurskap van prof A D Pont die bydrae: Die kerkgeboue en ds MJ Goddefroy.*

1984 *Nederduitsch Hervormde Gemeente Hartbeesfontein 1959-1984.*

1986 *Gedenkalbum van die Nederduitsch Hervormde Kerk 1886-1986 in woord en beeld.*

1991 *Nederduitsch Hervormde Kerk Lichtenburg 1891-1991.*

1991 *Nederduitsch Hervormde Kerk Ventersdorp 1892-1992.*

1997 *Nederduitsch Hervormde Kerk Makwassie 1947-1997.*

S J Botha was 'n uiters suksesvolle predikant in gemeentes van die Hervormde Kerk. Die eienskappe waaroor 'n reggeaarde evangeliedienaar moet beskik, is deel van sy mondering. Hy is 'n nederige mens wat homself nooit op die voorgrond stel nie en daarby is hy 'n harde en toegewyde werker. Aan sy sy het sy vrou Babsie Botha (Vorster), met wie hy op 10 Desember 1960 in die huwelik getree het, met ewe veel toewyding gewerk. Uit die huwelik is vier kinders gebore naamlik Johan Georg, Annelie, Sonja en Alfrieda. Johan het hulle ontval in 1982. Alfrieda is getroud met ds Christo Pretorius, predikant van Hendrina, wat tans ook 'n nagraadse student van sy skoonvader is.

Professor Botha bedien verskeie gemeentes van die Hervormde Kerk met uiteenlopende aard. Sy eerste vier gemeentes Primrose, Randpoort, Koedoesrand en Boksburg



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

was "normale" gemeentes wat stedelike en plattelandse omstandighede verteenwoordig. Hy was in albei omstandighede ewe tuis en suksesvol. Hy word georden as predikant op 29 Julie 1961 in die gemeente Pimrose nadat hy eers vir ses maande in die Hervormde Kerk se argief werksaam was. In 1966 verskuif hy na Randpoort waar hy vir ongeveer twee jaar bly voordat hy na Koedoesrand in 1968 vertrek. Ook hier is sy verblyf nie baie lank nie, want in 1970 verskuif hy weer na Boksburg.

'n Nuwe fase in sy bediening tree na vore wanneer hy in 1972 die beroep na Philadelphia as studenteleraar aanvaar. Studentebediening stel baie hoë eise aan 'n predikant en ook daarvoor was prof Botha opgewasse. Met sy aanvaarding van die beroep as Weermagkapelaan in 1975 na Voortrekkerhoogte is daar weer eens 'n nuwe fase in sy bediening in die Kerk. Juis omdat hy 'n gedissiplineerde mens is, kon hy goed inpas in die weermagopset en het hy ook groot sukses behaal. Moontlik sou hy 'n prag loopbaan in die Weermag as kapelaan kon bou, as die Kerk hom nie in 1980 benodig het om met die opleiding by die Universiteit van die Noorde behulpsaam te wees nie.

Tydens sy bediening in gemeentes van die Hervormde Kerk het hy veral waardevolle werk gelewer op ringskommissies. Hy het onder meer op die volgende ringskommissies gedien:

Ringskommissie van Losberg as viseskriba.
Ringskommissie van Waterberg as viseskriba.
Ringskommissie van Germiston as skriba.
Ringskommissie van Pretoria-Wes as skriba.

In ringsverband het hy ook op die volgende ringsrade gedien:

Ringsendingraad: Germiston.
Ringsendingraad: Pretoria.

S J Botha is vanweë sy besondere bekwaamheid, sy hardwerkendheid, toegewydheid maar veral vanweë sy vermoë om 'n saak rustig en objektief te benader deur die jare heen op talle rade en kommissies van die Hervormde Kerk benoem. Hier word slegs 'n paar van die vernaamstes genoem waarop hy gedien het:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Raad vir Arbeid onder Buitekerklikes (soms as visevoorsitter).

Raad vir Belydende Jeug (sekretaris vanaf 1973 tot 1981).

Sentrale Sendingraad.

Proponentseksamenkommissie vir die Kerk se Opleiding te Turfloop.

Kategese ondersoekkommissie.

Proponentseksamenkommissie (1973-1992; as sekretaris 1973-1986).

Kuratorium vir Teologiese Opleiding (voorsitter 1986-1992).

Dagbestuur van die Kuratorium (voorsitter 1986-1992).

Beurskomitee van die Kuratorium (voorsitter).

Nagraadse beurskomitee van die Kuratorium (voorsitter).

Beheerraad van die SVTT.

Ondersoekkommissie na sending.

Raad vir gesprek met ander kerkgenootskappe.

Raad vir Toesig oor die HTO.

Kuratorium van die HTO.

Lid van die Fakulteitsraad van die Fakulteit Teologie (Afd A) by die Universiteit van Pretoria.

Raad vir Argief en Museum sedert 1961 (voorsitter vanaf 1992).

Dagbestuur van die Sendingraad.

Sendingraad

Adviesraad van die HTO.

Raad vir Kerk en Teologie (voorsitter).

In die besonder word vermeld dat S J Botha deur die Hervormde Kerk benoem is op die Komitee vir die Herskrywing van die Kerkwet. Hy is deur die Komitee eenparig as voorsitter benoem en het vanaf 1989 tot 1997 gedien in hierdie hoedanigheid. Daar kon geen geskikter persoon vir die moeilike taak benoem word nie. Die werk het oor jare gestrek aangesien lede van die Komitee tyd tussen al hulle ander werksaamhede vir die werk moes inpas. Dit was geen maklike taak nie. Dit het nie gegaan om die hersiening van 'n bestaande en geliefde Kerkwet nie, maar 'n totaal nuwe Kerkorde moes geskryf word. Lede van die vergadering het uiteenlopende opvattings en menings gehuldig en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daar moes rekening gehou word met die eise van kerkrade, ringskommissies, predikante en lidmate. Uiters moeilike sake soos die handhawing of verwerping van die ou Artikel III van die Kerkwet en die herformulering daarvan sodat dit in die Hervormde Kerk aanvaarbaar kan wees, moes hanteer word. Die uiteenlopende menings van teoloë wat op die Komitee sitting geneem het, kon daartoe aanleiding gee dat konflik ontstaan. Onder die rustige en bekwame leiding van prof S J Botha was daar egter nie sprake daarvan nie en het elkeen altyd die geleentheid gehad om sy standpunt te stel. Botha was juis die persoon wat met sy besondere geaardheid en optrede mense en standpunte met mekaar kon versoen en hy kon die vergadering uiteindelik daartoe lei om kompromieë wat in die Hervormde Kerk aanvaarbaar sou wees, aan te gaan.

S J Botha se kennis van die Hervormde Kerk en gemeentes van die kerk het juis die werkwyse van die Komitee vir die Herskrywing van die Kerkwet bevorder. Vir hom was dit noodsaaklik dat kerkrade en ringskommissies voortdurend op die hoogte gehou moes word met die werk van Komitee. Omdat twee konsepte van die nuut geskryfde Kerkorde aan kerkrade en ringskommissies voorgelê kon word vir evaluering en kommentaar, kon die buitengewone Algemene Kerkvergadering wat die werkstuk moes finaliseer en goedkeur, met groot gemak en sonder ingrypende wysigings, sy taak afhandel. Die feit dat prof Botha nie by die buitengewone Algemene Kerkvergadering teenwoordig kon wees nie vanweë ernstige siekte, het nie aan die afhandeling van die werkstuk enige afbreuk gedoen nie, juis omdat die voorbereidingswerk onder sy leiding deeglik en korrek gedoen is. Tog was sy afwesigheid vir hom persoonlik 'n groot teleurstelling.

As uitgangspunt vir die skryf van die nuwe Kerkorde is daar gepoog om die ampte en die vergaderings van die ampte weer in die middelpunt van die Hervormde Kerk se werk te plaas. Die verantwoordelikheid en werk van die ouderlingevergadering op gemeentelike vlak is in die middelpunt gestel en op ringsvlak is die taak en verantwoordelikheid van die ringsvergadering beklemtoon. Die werk van diakens het veral groter selfstandigheid verkry deurdat 'n selfstandige vergaderingstruktuur op gemeentelike-, rings- en sinodale-vlak ingeskryf is. Daar is besluit om die belydenis van die Hervormde Kerk as vertrekpunt te neem en die hoofstuk is eerste gestel. Tien hoofstukke is vasgestel. Die hoofstukindeling is soos volg:


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1. Belydenis
2. Ampte
3. Vergaderings van ampte
4. Gemeentes en Kerk
5. Verkondiging
6. Verband met ander kerke
7. Huwelik, gesin en opvoeding
8. Dissipline
9. Kerklike goedere
10. Kerkorde.

Tydens die werksaamhede van die Komitee het prof Botha homself nooit gespaar nie. Benewens die veeleisende taak om as voorsitter te ageer, het hy talle memoranda en voorstelle geformuleer om leiding en koers te gee aan die samesprekings tydens vergaderings. Deeglike voorbereiding van die agenda en die talle werkstukke wat in die bylaes van die agendas opgeneem was, was altyd by hom merkbaar. Die kleinste foutjie in 'n notule is deur hom opgemerk. Deurgaans was dit duidelik in sy leiding dat gehoorsaamheid aan die Woord van God op die voorgrond moet staan. Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal tot in die verste toekoms sy nuwe Kerkorde verbind aan die werk van prof S J Botha.

Nog besondere werk op 'n raad wat deur S J Botha verrig is en steeds word, is sy werk as lid van die Raad vir Regsadvies. Hy is sedert 1979 lid van die Raad en is deur die jare geslyp en geskool. Hy neem die voorsitterskap oor by sy leermeester prof A D Pont in 1989 en kwyt hom sedertdien uitstekend van hierdie taak. Sy deeglike en weldeurdagte voorbereiding vir hierdie vergaderings is altyd opvallend. Die versigtigheid waarmee hy elke opdrag benader wat aan die Raad gegee word, toon dat hy die belang van die Hervormde Kerk en sy gemeentes op die hart dra. Advies wat die Raad deesdae moet uitbring, raak baie meer komplekse sake as in die verlede omdat die kerk ook nou te doen het met nuwe arbeidswetgewing en soms ook met lidmate en ampsdraers wat die kerk voortdurend met die wetgewing konfronteer. Die Kerkorde wat sedert 1997 in gebruik geneem is, moet voordurend geïnterpreteer word en leiding moet aan kerkrade, ouderlingevergaderings, ringskommissies, rade, komitees, lidmate en ampsdraers gegee



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

word. Die gebruik van die Kerkorde bring ook gebreke daarin na vore en nuwe voorstelle en formulerings moet voortdurend aan die Kommisie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê word met die oog op goedkeuring en voorlegging aan die volgende Algemene Kerkvergadering. Ook wat hierdie werk betref, speel prof Botha 'n uiters belangrike rol in die Hervormde Kerk en lewer hy uitmuntende diens. Hy doen dit nie net met sy voorbereiding vir vergaderings nie, maar ook in sy persoonlike hoedanigheid lewer hy advies en interpreteer hy die Kerkorde om aan gemeentes, ringe en individue leiding te gee.

Met die totstandkoming van die nuwe rade van die Kerk in 1999, is prof Botha benoem as sameroeper van die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat. By die konstitueringsvergadering is hy eenparig aangewys as voorsitter van die Raad met sy geweldig omvangryke opdrag en taak. Die Raad bedien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met advies insake die herderlike versorging van gemeentes, die ampswerk van predikante en ouderlinge en bevorder die teologiese gesprek in die Hervormde Kerk.

Die Raad verrig sy opdrag by wyse van 'n Komitee Pastoraat wat besin oor

- die doeltreffende pastorale bediening van gemeentes
- die ampswerk van predikante
- die toegspitste pastorale bediening aan mense in besondere lewensomstandighede en diegene wat in inrigtingsorg verkeer.

Die Komitee sien verder om na die belange en pastorale behoeftes van diensdoende predikante, emeriti en beroepafwagtende predikante.

Die Raad word verder bedien deur 'n Komitee Presbiteraat wat besin oor die doeltreffende presbiterale bediening aan gemeentes en oor die ampswerk van ouderlinge. Deur middel van die Komitee Kerk en Teologie bevorder die Raad die teologiese gesprek in die Hervormde Kerk. Professor Botha dien as voorsitter van die Komitee vir Kerk en Teologie.

By al die werksaamhede van die Raad is prof S J Botha ten nouste betrokke en lewer hy belangrike insette om leiding te gee. Die Raad is tans besig met 'n omvattende



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

studie oor die ampsopvatting en talle probleme wat deesdae met die predikantsamp saamhang. Belangrike aangeleenthede soos deelsorgbediening, die beroepstelsel, moontlike verskuiwing van predikante, die benoeming van predikante en 'n sentrale vergoedingstelsel sal aan die orde kom. Die 66e Algemene Kerkvergadering sal die rapporte in Oktober 2001 behandel en waarskynlik ingrypende besluite in die verband moet neem.

## 5. KULTURELE BYDRAE

S J Botha het as predikant en in sy privaat hoedanigheid deelgeneem aan die kulturele bedrywighede van sy volk. Tydens sy bedieningstyd in gemeentes het hy op sowel laer- as hoërskole se bestuursliggame gedien. Tot in 1991 was hy lid van sulke bestuursrade waar hy waardevolle bydraes gelewer het en in die besonder die Hervormde Kerk verteenwoordig het. Hy het by die meeste van die bestuursliggame by geleentheid as voorsitter opgetree. Hy het ook vir lang tye op skoolrade gedien.

Hy het deelgeneem aan die werksaamhede en aktiwiteite van verskeie kultuurliggame. Hy was lewenslid van SABRA en die FAK. Vir baie jare het hy in die Voortrekkerbeweging gedien as offisier en veldkornet. Hy was lid, bestuurslid en voorsitter van verskeie Rapportryerskorpse, Kultuurrade, Skakelkomitees en Volkswagtakke. Hy het hom beywer en deelgeneem aan die bedrywighede van taal-en kultuurverenigings. Die afgelope aantal jare is hy voorsitter van die godsdienskomitee van Radio Pretoria en dra sorg dat behoorlike godsdiensprogramme oor die radiostasie uitgesaai word. Hy is tans ook lid van die Direksie van Radio Pretoria.

By Geloftefeeste was prof Botha oor baie jare heen 'n gesogde spreker en prediker. Hy lewer in 1988 'n bydrae in die publikasie onder redakteurskap van prof A D Pont, *Die Gelofte van 1838* onder die titel "Die gelofte van 1838 soos dit in 1880 by Paardekraal met 'n gelofte bevestig is."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 6. KERKLIKE EN ANDER TOEKENNINGS

Professor S J Botha het die volgende kerklike toekennings ontvang:

- Die S P Engelbrecht Erepenning vir Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing.
- Die H C M Fourie Erepenning vir sy besondere bydrae in die lewe van die Ned Herv Kerk en sy volk.

Professor Botha het die volgende toekennings by die Suid-Afrikaanse Weermag ontvang:

- Pro Patria medalje (1979).
- Algemene Diensmedalje (1994).

## 7. 'N WAARDERING

Die beeld van prof Schalk Botha by elkeen wat hom ken, is die van 'n nederige, beskeie, opregte en liefdevolle mens. Nog nooit is dit ervaar dat hy selfs die vennynigste opponent of teenstaander beledig of verkleineer nie. Harde en onvriendelike woorde ken hy nie. Vuiltaal, growwe en ligsinnige praatjies en grappe hoor niemand van hom nie. Hy is 'n diepsinnige mens wat omgee vir sy medemens. Hy gaan uit sy pad uit om te help en tegemoet te kom. Selfs elke student sal kan getuig dat hulle nooit met 'n hartvogtige of ongenaakbare eksaminator te doen gehad het nie. Hy stel hom nooit op die voorgrond nie en ag homself nie beter as ander mense nie. Dit kom altyd voor asof hy dit regkry om te leef na die eise van God se Woord.

Om saam met hom te werk is 'n vreugde. Hy erken die menswaardigheid van ander en in 'n vergadering is sy geduld en begrip juis daarin merkbaar dat hy aan elke lid geleentheid gee om sy standpunt te stel en hy luister ook daarna. Hy is 'n gedissiplineerde mens en doen nougeset wat van hom gevra word. Sy optrede boesem vertroue en geloofwaardigheid in.

Selfs as akademikus is hy beskeie en stel nooit sy standpunt asof dit die enigste korrekte is nie. Hy is 'n geliefde leermeester en kenner van sy vakgebied. Die Hervormde Kerk is dankbaar vir so 'n deeglike en bekwame persoon wat in die voetspore



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van uitmuntende voorgangers kon volg. Alhoewel sy vervroegde aftrede as gevolg van omstandighede by die universiteit vir hom 'n baie groot teleurstelling was, het hy dit verwerk en is hy steeds bereid om te werk waar en wanneer die Hervormde Kerk hom nodig het.

Gemeentes sal altyd sy besielende en verantwoorde prediking onthou. Daar is wyd in die kerk daarvoor waardering. Professor Botha se besondere voorbereiding vir elke erediens is altyd opvallend. Hy is beslis 'n mens wat dit wat hy verkondig, ook uitleef. Net soveel waardering bestaan vir prof Botha se vrou Babsie. In gemeentes was sy geliefd, by die studente van Philadelphia 'n ma, vir talle van ons 'n geliefde vriendin en vir haar man sy kosbaarste besit. Haar altyd egalige en vriendelike optrede is vir elkeen wat haar ken, 'n voorbeeld en dit is juis die rede waarom almal haar lief het.

Saam leef prof en mev Botha vir hulle kinders en kleinkinders. Ons is dankbaar saam met hulle vir pragtige kinders en kleinkinders. Mag hulle almal lank gespaar bly vir mekaar. Die afsluitingsbede van die emeritaatakte vir hoogleraars is hier gepas: "Mag u prof S J Botha, steeds vreugde vind in u dienswerk in die Kerk en wanneer die Opperherder kom, mag u die heerlikheid as onverganklike kroon ontvang."

## Literatuurverwysings

Botha, S J 1973. *Die volkskerk.* Pretoria: HAUM.

Botha, S J 1969. Die kerkregtelike posisie van die Prokurasie-Kommissie in die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk. *HTS* 25(2), 106-131.

Botha, S J 1961. Ontleding van die kerksaak van Trichardtsfontein 1893. *HTS* 17(1), 1-18.

Botha, S J Ongepubliseerde aantekeninge oor sy geboorteplek en skoolopleiding.

Botha, S J Ongepubliseerde Cur Vit.

GJS 1982. Zuid Afrika, Jrg 57 no 7/8, Julie/Augustus 1982.

Kerkorde: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria: Kital.

Kitshoff, M C 1982. 'n Kleurryke tydvak knap uitborduur. *Die Kerkbode* 134(4) deel cxxx, Julie 1982.

Nederduitsch Hervormde Gemeente Boksburg 1932-1982.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Nederduitsch Hervormde Gemeente Koedoesrand Jubileumblad 1924-1974.

Pont, A D s a. Ongepubliseerde aantekeninge oor S J Botha by die toekenning van die H C M Fourie Erepenning.

Ras, J L 1982. In die Skriflig, Junie 1982.

Van der Westhuizen, H G 1982: *Die Hervormer*: M J Goddefroy – 'n merkwaardige man.

"WM" [Maree, W L] 1982. *Die Voorligter*, Junie 1982.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services